Graad 10: Ekonomie opdrag 2 Datum: 10/06/2020

Naam en Van: .....

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE studievelde wat verband hou met Ekonomie. (2x1) (2)

2.1.2 Wat is die verwantskap tussen skaarsheid en geleentheidskoste? (1x2) (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.



2.2.1 Wat word bogenoemde grafiek genoem? (1)

2.2.2 Watter punt op die grafiek sal met die laagste BBP geassosieer word? (1)

2.2.3 Gee 'n kort beskrywing van *ekonomiese groei.* (2)

2.2.4 Verduidelik kortliks watter invloed sakesiklusse op ekonomiese groei het. (2)

2.2.5 Hoe kan die regering werkloosheid in die ekonomie verminder? (2x2) (4)

2.3 Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord die vrae wat volg.

Stadstoere

Mike en Thabo het 'n jaar gelede 'n nuwe besigheid begin. Hulle besigheid is in Kaapstad geleë en bied stadstoere vir toeriste aan. Gedurende die afgelope jaar het hulle besigheid goed gevaar en het hulle 'n netto wins na belasting van R500 000 gemaak. Hulle kan nie besluit of hulle die wins moet gebruik om nog 'n toerbus vir hulle maatskappy te koop nie, en of hulle die geld as 'n deposito op 'n gastehuis in Kaapstad moet gebruik om hul besigheid te diversifiseer nie.

[Bron: *Geniet Ekonomie*, Graad 10]

2.3.1 Hoeveel netto wins na belasting maak die besigheid in die bostaande leesstuk? (1)

2.3.2 Identifiseer 'n stelling uit die leesstuk wat daarop dui dat die besigheid doeltreffend funksioneer. (1)

2.3.3 Wat beteken dit '*om hulle besigheid te diversifiseer*' in die uittreksel? (2)

2.3.4 Demonstreer hoe hierdie uittreksel die probleem van skaarsheid van hulpbronne illustreer. (2)

2.3.5 Gee 'n kort verduideliking wat die verband tussen produksie, verbruik en ruil is. (4)

2.4 Onderskei tussen *vry goedere* en *ekonomiese goedere*. (2x4) (8)

2.5 Demonstreer hoe die Suid-Afrikaanse regering basiese dienslewering aan ekonomies benadeelde mense bied om daardeur hulle lewenstandaard te verbeter. (8)
[40]